LUG JOU MENING

ONTEIENINGSWETSONTWERP ("EXPROPRIATION BILL") [W 23B–2020] (NRVP)

Die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement se Staande Komitee oor Infrastruktuur nooi belanghebbendes en ander belangstellende partye uit om openbare verhore oor die Onteieningswetsontwerp ("Expropriation Bill") [W 23B–2020] (NRVP) by te woon wat as deel van die Staande Komitee se grondwetlike verantwoordelikheid gereël word.

Die doel van die Wetsontwerp is om voorsiening te maak vir die onteiening van eiendom vir openbare doeleindes of in openbare belang; om die prosedure vir die onteiening van eiendom vir openbare doeleindes of in openbare belang te reguleer, insluitende die betaling van vergoeding; om sekere gevalle te identifiseer waar die voorsiening van geen vergoeding regverdig en billik kan wees vir onteiening in openbare belang; om die Onteieningswet, 1975 (Wet 63 van 1975), te herroep; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Die openbare verhore is soos volg gereël:

Datum	Plek	Tyd
Maandag 22 Mei 2023	Banketsaal, George Tuinroete-distrik	16:00–19:00
Vrydag 26 Mei 2023	Stadsaal, Caledon Overberg-distrik	16:00–19:00
Vrydag 2 Junie 2023	Mandlenkosi-gemeenskapsaal, Beaufort-Wes Sentraal-Karoo-distrik	16:00–19:00
Woensdag 7 Junie 2023	Dial Rock, Saldanhabaai Weskus-distrik	16:00–19:00
Maandag 12 Junie 2023	Nekkies-konferensiesentrum, Worcester Kaapse Wynland-distrik	16:00–19:00
Woensdag 21 Junie 2023	Wes-Kaapse Provinsiale Parlement Kaapstad	16:00–19:00

Belangstellende persone en organisasies word aangemoedig om die openbare verhore by te woon en daaraan deel te neem en om skriftelike insette oor die Wetsontwerp aan die Staande Komitee oor Infrastruktuur vir oorweging voor te lê. Slegs insette oor die inhoud van die Wetsontwerp sal oorweeg word.

Stuur asseblief voorleggings oor die Wetsontwerp aan me Shumeeze Jones, Prosedurebeampte, óf per e-pos (sjones@wcpp.gov.za) óf as stemnotas op WhatsApp (selfoonnommer: 068 062 5876). Voorleggings moet die Staande Komitee oor Infrastruktuur voor of op Maandag 12 Junie 2023 bereik. Dui asseblief aan of ŉ mondelinge aanbieding oor die skriftelike voorlegging gemaak sal word.

Verdere inligting en ŉ elektroniese weergawe van die Wetsontwerp sal op die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement se webtuiste (www.wcpp.gov.za) gepubliseer word. Afskrifte van die Wetsontwerp sal op versoek aan belangstellende persone gestuur word.

Uitgereik deur me LM Maseko (LPP), Voorsitter van die Staande Komitee oor Infrastruktuur.